# FICHARDTPARK PRIMÊRE SKOOL

**NASIONALE BELEID MET BETREKKING TOT DIE PROGRAM- EN BEVORDERINGS-VEREISTES VAN DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING GRAAD R-12**

**BEVORDERINGSVEREISTES VIR GRAAD R – 3 (Geld reeds vanaf 2012)**

(1) In die Grondslagfase is graad-tot-graad bevordering, in terme van die toepaslike ouderdomsgroep, die aanvaarde norm, behalwe as die leerder nie die gewenste bevoegdheid toon om die daaropvolgende graad se werk te bemeester nie. 'n Leerder wat nog nie gereed is om aan die volgende graad se vereistes te voldoen nie, moet geassesseer word om vas te stel watter toepaslike hulp aan die leerder verskaf moet word.

**(2) Die volgende dien as riglyn om 'n leerder se vordering in graad R te bepaal:**
(a) Voldoende Prestasiebeskrywing (Vlak 4) in een amptelike taal op Huistaalvlak **en**
(b) Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in Wiskunde.

**(3) Die volgende dien as riglyn om te bepaal of 'n leerder toegelaat moet word om van Graad 1 tot 2 en Graad 2 tot 3 in die Grondslagfase bevorder te word:**
(a) Voldoende Prestasiebeskrywing (Vlak 4) in een amptelike taal op Huistaalvlak **en**
(b) Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in die tweede vereiste taal op Eerste Addisionele Taalvlak **en**
(c) Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in Wiskunde.

**BEVORDERINGSVEREISTES VIR GRAAD 4 - 6 (Geld vanaf 2013)**

(1) Graad-tot-graad-bevordering binne die toepaslike ouderdomsgroep sal die aanvaarde norm wees, behalwe as die leerder nie die gewenste bevoegdheid toon om die daaropvolgende graad se werk te bemeester nie.

**(2) Die volgende dien as riglyne om 'n leerder se vordering in Graad 4 tot 5 en Graad 5 tot 6 in the Intermediêre Fase te bepaal:**
(a) Voldoende Prestasiebeskrywing (Vlak 4) in een amptelike taal op Huistaalvlak;
(b) Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in die tweede vereiste amptelike taal op Eerste Addisionele Taalvlak;
(c) Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in Wiskunde, en
(d) Onderworpe aan *subparagraaf (e)*, 'n Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in enige ander twee (2) van die oorblywende goedgekeurde vakke.

**21. BEVORDERINGSVEREISTES VIR GRAAD 7 TOT 9 (Geld vanaf 2014)**

(1) Leerders in graad 7-9 sal van graad tot graad bevorder word indien hulle nege (9) vakke, genoem in *paragraaf 19(1) tot (8)* aangebied het en, behoudens *subparagraaf (a)* tot *(e),* aan die bevorderingsvereistes van agt (8) vakke voldoen het, voorts met dien verstande dat die Skoolgebaseerde assesseringskomponent van die negende vak voltooi is.
(a) Voldoende Prestasiebeskrywing (Vlak 4) in een amptelike taal op Huistaalvlak;
(b) Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in die tweede vereiste amptelike taal op Eerste Addisionele Taalvlak;
(c) Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in Wiskunde*;*
(d) Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in enige drie (3) van die ander vereiste vakke;
(e) Ten minste 'n Basiese Prestasiebeskrywing (Vlak 2) in enige twee (2) van die oorblywende vereiste vakke.

IN FICHARDTPARK PRIMÊRE SKOOL IS **AFRIKAANS DIE HUISTAAL** EN **ENGELS DIE EERSTE ADDISIONELE TAAL** VOLGENS ONS SKOOL SE **TAALBELEID**.

| PRESTASIEVLAK | PRESTASIEBESKRYWING | PUNTE / % |
|---|---|---|
| 7 | Uitmuntende prestasie | 80-100 |
| 6 | Verdienstelike prestasie | 70-79 |
| 5 | Beduidende prestasie | 60-69 |
| 4 | Voldoende prestasie | 50-59 |
| 3 | Matige prestasie | 40-49 |
| 2 | Basiese prestasie | 30-39 |
| 1 | Ontoereikende prestasie | 0-29 |